# Notules net so belangrik as die res




**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za


**DEELTITEL-FORUM**

Dit is treffend hoe dikwels eienaars onder die indruk is dat 'n spesiale besluit iets is wat op 'n spesiale algemene vergadering geneem word.

Dit is nie noodwendig so nie. 'n Spesiale besluit, sowel as 'n eenparige besluit kan op die algemene jaarvergadering sowel as op 'n spesiale algemene vergadering voorgelê word.

Die term "spesiale" ten opsigte van vergaderings dui bloot aan dat dit 'n algemene vergadering anders as die jaarlikse ledevergadering (of jaarvergadering) of AJV is.

**Die kritieke aspekte** waarvan trustees kennis moet dra ten opsigte van alle algemene vergaderings, is die vereistes rakende die kennisgewing, die bewoording van voorgestelde besluite, die kworumvereistes en die manier waarop daar gestem en die stemme getel word.

Daar is natuurlik nog verdere voorskrifte, maar ek fokus vandag op een aspek wat dikwels stief behandel word, en dit is die hou van notules.

By alle trusteevergaderings en algemene vergaderings is die hou van akkurate, betroubare notules natuurlik van kritieke belang.

Wat algemene vergaderings betref, bepaal Bestuursreël 9(e) dat die trustees die volgende moet doen:

*"(e) compile minutes of each trustee and general meeting in accordance with rule 27(2)(a) and distribute these to the persons entitled to notice of the meeting concerned as soon as possible, but not later than seven days after the date of the meeting."*

> **By alle trustee- en algemene vergaderings is die hou van akkurate, betroubare notules van kritieke belang.**

**Die vraag kom onmiddellik** op welke persone dan geregtig is op 'n kennisgewing van sodanige vergaderings.

Wat trusteevergaderings betref, is die volgende persone geregtig op 'n kennisgewing:

- Alle trustees;
- Alle lede van die regspersoon, naamlik alle geregistreerde eienaars;
- Alle verbandhouers oor eenhede, mits hulle skriftelik versoek het om van trusteevergaderings in kennis gestel word;
- Houers van uitbreidingsregte, mits hulle skriftelik versoek het om van trusteevergaderings in kennis gestel word; en
- Die bestuursagent as daar een is. Hierdie persone moet nie net kennis van vergaderings kry nie, maar ook afskrifte van die notules van die vergaderings.

Ek twyfel of trustees altyd toesien dat die notules van trusteevergaderings aan alle lede gestuur word, maar hulle behoort dit te doen. Sou nienakoming van voorskrifte ten opsigte van die verspreiding van notules binne die voorgeskrewe tydperk die vergadering ongeldig maak?

Ek sou nie so dink nie, maar die trustees stel hulself bloot vir klagtes oor die nienakoming van hul pligte.

**Hier volg nog 'n** vraag: Moet notules van vorige vergaderings op latere vergaderings goedgekeur word?

Sover trusteevergaderings betref, word geen voorsiening vir dié goedkeuring gemaak nie.

Bestuursreël 17(6)(f) vereis egter dat die notules van algemene vergaderings op die volgende algemene vergadering goedgekeur moet word.

Dit sluit die notule van die algemene jaarvergadering in – maar op welke algemene vergadering moet dit gedoen word?

My voorstel is dat dit op die volgende algemene jaarvergadering moet wees, en nie op 'n spesiale algemene vergadering wat intussen mog plaasvind nie.

Hierdie voorstel is nie gebaseer op enige reël of wetsbepaling nie, maar is gegrond op gemeenregtelike gebruik.

Soortgelyk is my voorstel dat notules van alle trusteevergaderings op daaropvolgende trusteevergaderings goedgekeur behoort te word.

**Maar wat bedoel ek** met "goedkeur"?

Indien 'n beswaar geopper word ten tyde van die goedkeuringsproses, moet die beswaar gegrond wees op die weergawe van die verrigtinge en nie op die substansie van besluite nie.

Onder dié agenda-item kan dus nie beswaar gemaak word teen wat besluit was nie, maar slegs op die wyse waarop dit in die notule opgeneem was.

Bestuursreël 27(2)(a) vereis van die trustees om notules te hou van alle trusteevergaderings en algemene vergaderings.

Die funksie kan natuurlik opgedra word aan die bestuursagent, maar dit bly die verantwoordelikheid van die trustees om toe te sien dat dit behoorlik gedoen word.

Welke besonderhede moet die notule van algemene vergaderings en trusteevergaderings opgeneem word?

Die volgende moet ten minste daarin wees:

- Datum, tyd en plek van die vergadering;
- Name en hoedanighede van almal teenwoordig;
- Volledige teks van alle besluite wat op die vergadering geneem is; en
- Volledige besonderhede van die stemuitslae.

Elektroniese notules word toegelaat, mits dit moeiteloos in gedrukte formaat gelewer kan word.

Hoe lank moet hierdie notules en ander rekords gehou word? Dit word nie in die voorgeskrewe reël bepaal nie – moontlik 'n foutiewe weglating.

In die vorige voorgeskrewe reëls (1986-wetgewing) was daar vereis dat die rekords "vir ewig" gehou word. Dié ewigheid kon dan geïnterpreteer word as die lewensduur van die skema.

Ek sou voorstel dat dieselfde voorskrif onder die huidige wetgewing geld.

Die waarde en belangrikheid van akkurate notules moet nooit onderskat word nie.